# LAERSKOOL MIKRO

*... waar kind nog kind kan wees ...*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

16/2022

10 Mei 2022

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Ek deel met u statistieke na aanleiding van die sportopname wat afgehandel is.

Hoeveelheid leerders per graad wat aan **geen somersport** deelneem nie:

| | |
|---|---|
| GRAAD R | 10 (uit 94 leerders) |
| GRAAD 1 | 24 (uit 115 leerders) |
| GRAAD 2 | 45 (uit 114 leerders) |
| GRAAD 3 | 29 (uit 99 leerders) |
| GRAAD 4 | 36 (uit 113 leerders) |
| GRAAD 5 | 47 (uit 98 leerders) |
| GRAAD 6 | 37 (uit 122 leerders) |
| GRAAD 7 | 51 (uit 123 leerders) |

Hoeveelheid leerders per graad wat aan **geen wintersport** deelneem nie:

| | |
|---|---|
| GRAAD R | 7 (uit 94 leerders) |
| GRAAD 1 | 17 (uit 115 leerders) |
| GRAAD 2 | 26 (uit 114 leerders) |
| GRAAD 3 | 22 (uit 99 leerders) |
| GRAAD 4 | 23 (uit 113 leerders) |
| GRAAD 5 | 30 (uit 98 leerders) |
| GRAAD 6 | 34 (uit 122 leerders) |
| GRAAD 7 | 48 (uit 123 leerders) |

Let ook op die volgende noemenswaardige inligting vanuit die opname:

- By die **volgende Grade is vervoerprobleme** die hoofoorsaak van nie-deelname: Grade 1, 2, 3, 4 en 6.
- **Graad R:** 72 leerders neem aan krieket deel en 40 seuns speel rugby
- **Graad 1:** 40 leerders neem aan krieket deel en 31 seuns speel rugby; 44 meisies speel netbal
- **Graad 2**: Dwarsdeur die jaar neem 59 leerders aan buite-skoolsporte deel
- **Graad 3:** Slegs 18 seuns en 16 dogters speel hokkie
- **Graad 4:** Slegs 10 leerders se rede vir nie-deelname aan sport, is omdat hulle nie belangstel nie
- **Graad 5:** Slegs 23 seuns (uit 55) speel rugby en slegs 8 dogters (uit 43) speel hokkie
- **Graad 6:** Graad met die meeste leerders nl. 10 (uit 122) wat weens finansiële redes nie aan enige sport deelneem nie
- **Graad 7:** Slegs 16 seuns (uit 58) speel rugby

Daar is heelwat **afleidings** wat ons almal uit die bogenoemde kan maak. Ek deel van my bekommernisse met die volgende vrae/opmerkings:

1. 'n Wen-kultuur kan slegs geskep word as ons massadeelname het.
2. Hoe kan ons verwag dat ons teen veel groter skole moet meeding en steeds kompeterend wees, as ons deelname so swak is? Getalle skep diepte en diepte verseker dat die beste span op die veld kan draf.
3. Die hoë/goeie deelname in sommige laer grade moet voortgaan in die hoër grade. Wat is die skool en ouerhuis se rol daarin om dit moontlik te maak?
4. Watter rol speel passievolle en kundige afrigters en ouers in 'n leerder se keuse om deel te neem of nie?
5. Die hoë aantal nie-deelnemers in graad 5-7 is uiters kommerwekkend. Ons kan slegs mededingend teen ander skole wees indien daar meer deelname is. **Ouers behoort steeds die dryfveer agter 'n kind se gesonde keuses te wees. Die waarde van sport moet besef word en kinders moet aangemoedig word om die regte keuse vir 'n gesonde leefstyl te maak.**

**Samevatting:**

**Skoolbestuur onderneem om saam met die beheerliggaam aan interne prosesse te werk om te poog dat hierdie "prentjie" anders lyk oor 'n jaar of drie. Daar is reeds 'n paar voorstelle wat bespreek word. U as ouer moet egter inkoop en die waarde van sport besef. Dink oor u rol in hierdie "prentjie" - is dit nie tyd dat u u kind vriendelik, dog streng verplig om aan sport deel te neem nie? Sportdeelname is van kardinale belang vir u kind se totale ontwikkeling.**

## 2. MIKRO MARK: MIKRO en die SJOKOLADEFABRIEK: GRAAD 4 tot 7- LEERDERS

Ons het dit goedgedink om gedurende die gekontroleerde toetse,
(6 – 10 Junie 2022) heerlike warm sjokolade en 'n happie te verkoop om die koue winterdae sommer ekstra warm te laat voel. Hiermee gee ons die Graad 4 tot 7- leerders die geleentheid om gedurende die gekontroleerde toetse vir hulself 'n bederfie te koop om na die toets te geniet. Die Graad R tot 3-leerders mag ook van hierdie geleentheid gebruik maak om in skooltyd 'n heerlike bederfie te geniet.

U het nou die geleentheid om tot Vrydag, 27 Mei 2022 vir u kind warm sjokolade en 'n happie te bestel **@ R20/dag.**

Vul die bestelvorm wat u kind vandag ontvang het in en stuur dit met die korrekte bedrag (in 'n gemerkte koevert) saam met u kind terug skool toe. **Elke leerder moet sy/haar eie vorm invul.** (Dus moet ouers met meer as een kind in Graad R tot 7, aparte vorms invul.) **Betaling geskied kontant.**

## 3. GEKONTROLEERDE TOETSE – 27 MEI 2022 tot 9 JUNIE 2022

Tydens die gekontroleerde toetsreeks word daar baie streng maatreëls toegepas. **GEEN** toetse mag later as die toegewysde datum gekryf word nie. Indien 'n leerder afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word. Die WKOD sal die leerder se punt verwerk in so 'n geval. Indien die leerder afwesig is sonder 'n doktersbrief, verbeur hy/sy die punte. Hierdie is die beleid van die WKOD en moet streng toegepas word.

Die werksafbakening en toetsrooster sal eerskomende Vrydag, 13 Mei 2022, aan die leerders gegee word. Dit sal ook op School Communicator beskikbaar wees.

## 4. LALASINI

LALASINI is `n GRATIS Digitale Aanlyntydskrif. Mikro gaan in die toekoms deel van hierdie opwindende tydskrif wees. Kyk uit vir die volgende uitgawes waarin Mikro se eie rubriek gaan verskyn. Ons skryf onder die naam: Mikro Kosmos – wat beteken dat ons rubrieke net `n klein deeltjie reflekteer van ons wonderlike Mikro-wêreld!!
U hoef nie in te teken of persoonlike inligting te verskaf om die tydskrif te lees nie!!!

BESOEK DIE EERSTE UITGAWE BY www.lalasini.co.za/om/ en neem deel aan die Digkompetisie op bl. 29 vir 13 tot 18-jariges. Daar is lekker pryse te wen, asook 'n volblad promosie blootstelling aan die skool wat die meeste inskrywings kan deurgee. Die kompetisie se sluitingsdatum is 31 Mei 2022. Kinders kan in Engels of Afrikaans skryf.

## 5. LOOTJIES

**VERKOOP JOU MAURITIUS-BOEKIE EN SIEN UIT NA VELE VERRASSINGS!!!!**





- Klasse wat die meeste boekies verkoop, gaan maandeliks (31 Mei en 21 Junie) beloon word met `n spesiale Civviedag! Die klas kies self die dag!!
- Klas wat teen 29 Julie 2022 die meeste kaartjies verkoop het, gaan op `n daguitstappie (VERRASSING) saam met hul opvoeder en mnr. Mouton.
- Vir die kind wat die meeste kaartjies verkoop, wag daar `n opwindende verrassing!!!

**SPRING VINNIG EN GAAN WOEKER MET JULLE KAARTJIES!!!**

## 6. STEMWEEK – 9 tot 13 MEI 2022

STEM staan vir wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde. STEM-onderwys is bekend daarvoor dat hulle 'n belangstelling in vakke soos wetenskap, tegnologie, wiskunde en ingenieurswese aanwakker, want dit kry leerders meer betrokke by doen, eerder as om net te leer. Dit ontwikkel ons kinders in skeppers, denkers, probleemoplossers, doeners, innoveerders en uitvinders. Ons hou hierdie week ons eie STEM-week waar kinders die geleentheid kry om ondersoekend tot hierdie vier velde te kan toetree. Daar gaan geleentheid wees om by al vier areas betrokke te raak en ook om pryse te wen met uitdagings wat aan hulle gestel gaan word. Aan die einde van die week gaan ons in elke afdeling vir beide juniors (grondslagfase) en seniors (intermediêre- en seniorfase) 'n algehele wenner aanwys.






## 7. FEES 50 AANDENKINGS

Te koop by die skool.

**BETALING**
**Betalings kan as volg geskied:**

**EFT:** Stuur bewys van betaling (**harde kopie**) skool toe as bewys van betaling + strokie
**KARRI:** Betalings kan dwarsdeur die jaar gedoen word - stuur strokie skool toe
**KONTANT:** Stuur die korrekte bedrag in `n gemerkte koevert + strokie
















Voorspoed vir die week.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET

VUMA

**Tel: (021) 903 5101 : www.elto-towers.co.za**

***Kontant Terug Persentasies***

| | |
|---|---|
| Caltex Vulstasie | 10c per liter kontant terug |
| Kroonplaas Restaurant | 2% |
| Patriot Koffie | 5% |
| Caresso Karwas | 5% |
| OK Foods/Liquor | 1% |

ELTO TOWERS

ELTO KAART LOJALITEITS

OK Foods OK Liquor KROONPLAAS PATRIOT COFFEE CARESSO CALTEX